

## Die Here se beloofde beskerming in 'n leuenwêreld kan vertrou word

Dawid se klagte in hierdie Psalm klink baie bekend: daar is geen vromes of betroubares oor nie, want almal praat leuens, vleiend, dubbelhartig, groot, dreigend en rebels. Dit is aangrypend: leuens, korrupsie, bedrog, woorde sonder bedoeling, halwe-waarhede en dreigemente het toe geheers en heers vandag steeds. Ons voel so dikwels totaal en al magteloos teenoor die leuen. Die vraag is egter: Praat ek nie maar ook dikwels so nie? Is my woorde nie gereeld deel van die probleem nie?

Maar ons het 'n geweldige troos in hierdie leuenagtige wêreld: al lyk dit of die leuens oorheers, die Here se Woord staan vas. Maak nie saak wat rondom ons gebeur nie, die Here se woorde kan vertrou word – en Hy beloof beskerming teen die leuens (vs 6).

Die Here se antwoord op Dawid se gebed bring hom tot 'n pragtige belydenis in vers 7: die woorde van die Here is in die diepste kontras met die leuens, want die Here se woorde is rein.

Hierdie rein woorde van die Here word uiteindelik sigbaar, dit word vlees en bloed, 'n mens soos ons en tog die Woord van God, naamlik Jesus Christus. Hoe was Jesus nie gelouter nie? Hy is aan die vuurtoets onderwerp en Hy het dit geslaag deur gehoorsaam vir ons sondes te ly. Hy het nie die klaarblyklike makliker uitweg gekies tydens sy lyding deur toe te gee aan die leuens nie. Hy het die waarheid gepraat ten koste van Homself. Hy is die waarheid, die Verlosser, die Seun van God en praat net die waarheid, en tog slaan hulle Hom aan die kruis met leuens.

Dawid eindig hierdie Psalm met die versekering van vers 8. Dawid se aanvanklike smeking dat die Here hom moet red, is beantwoord. Dawid se vertrou lê nie in veranderde omstandighede nie, want vers 9 laat dit blyk of die leuen steeds heers. Of die Here al iets gedoen het aan die situasie of nie, Dawid is tevrede. Goddelike versekering lê nie in omstandighede nie, maar in die oortuiging dat die Here se woorde waar en suiwer is.

Wat 'n geweldige troos: die Here se woorde staan vas. Maak nie saak wat rondom ons gebeur nie, die Here se beloofde beskerming in 'n leuenwêreld kan vertrou word.